LYNNWOOD GEMEENTE

'N JAAR VAN 2019 GASVRYHEID

8 SEPTEMBER

09:00 Erediens – Gesinsvriendelike Nagmaal

Peet Crous

Leierskap *1 Samuel 8*

Geen Kategese of Kleuterkerk a.g.v Nagmaal

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe

Jeanri Bezuidenhout

19:00 Belydenisklas

Om met wysheid te leef...

15 SEPTEMBER

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

09:00 Kategese gr 1-6

09:00 Kleuterkerk

Dis lente – bring 'n blommetjie saam.
Ons sluit die kwartaal af met bak en brou.

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe

Peet Crous

19:00 Belydenisklas

Mentorsessie met graad 7's

<u>Voorbidding:</u>

Louis Visser, Ridgewatersteeg 66, Lynnwood Manor (Sue 082 575 7451) – Zuid-Afrikaans Hospitaal (intensief) – dankbaar vir beterskap.

Piet Grobler, Lynburnweg 43, Lynnwood Manor, 082 556 2723 – Isabella oorlede. Begrafnis is môre 11:00 in die kerk.

Gemeentevroue-bediening nooi al die mans en vroue hartlik uit na 'n **Lentekuieraand** op 18 September om 18:30 vir 19:00 in Koinonia. Spreker: *Marina de Wet*. Tema: *Krag van Kleipotte.* Koste: R100 pp. Besprekings: *Info*-toonbank of kontak die Kerkkantoor.

"Kom loof Hom, Prys Hom." Jy word vriendelik genooi na 'n **Lofprysingsontbyt** aangebied deur die Wêreldbiddag vir Vroue se Pretoria-Oos streek, op Dinsdagoggend 10 September 2019 om 08:30 vir 09:00 by NG Kerk Groenkloof, Van Wouwstraat 75, Groenkloof. Toegang: R30 donasie.

Gesinne – kom bou 'n koffietafel!

Saterdag 14 September vanaf 09:00 tot 12:00 in die binnehof. Daar sal eetgoed wees en ook iets om die kinders mee besig te hou. Kontak gerus vir Henk by 082 391 0200 vir meer inligting.

Verbouings: Gedurende die volgende paar weke vind verbouings by ons kerkkompleks plaas. Ventilasiegate in die kergebou word vervang en die moederskamer vergroot.

Kerkkantoorure: Ma – Do 07:30 – 12:30; Vr 07:30 – 12:00.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Gemeentevroue Komiteevergadering** 16:00 (A21)
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. **Gemeentevroue Groep 4** 09:30. **Wêreldbiddag Lofprysingsontbyt** 08:30 vir 09:00. Groenkoof gemeete (Van Wouwstr 75). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Peet Crous kom gesels oor *Waardes*.
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 / Marina de Wet 082 505 2616. *Ons behandel 'n boek.* **Gasvryheidbediening vergadering** 17:00 (A21).
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Hanthi 083 293 0263 | Peet 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Waardes

Voor mens by goeie waardes kom, is dit goed om een en ander te sê oor swak waardes:

[1] ***Genot*** is 'n valse god. Genot word aan ons bemark en in toepaslike dosisse is dit goed, maar nie genoegsaam nie. Sodra ons goeie waardes het, is genot 'n sinvolle byproduk.

[2] ***Materiële sukses.*** 'n Ekstra R 1000,00 per maand gaan in baie van ons se lewens nie 'n groot verskil maak nie. Geld is goed, maar net as dit sy plek ken.

[3] ***Om altyd reg te wees.*** Ons breine is redelik oneffektief. Ons maak gereeld verkeerde aannames, onthou feite verkeerd en neem besluite op grond van ons buie. Mense wat 'n groot deel van hulle selfwaarde bepaal deur gewoonlik reg te wil wees, verhoed leer prosesse wat van ander mense kom.

[4] "***Bly net positief.*** " "Het jy jou werk verloor?" kan iemand vra. "Aan die positiewe kant, is daar die moontlikheid van alternatiewe, jaag jou passie na!" Soms suig die lewe en dan is die gesondste ding wat mens kan doen, om dit te erken. Deurlopende positiwiteit is 'n vorm van vermyding. Om negatiewe emosies te ontken, is emosioneel ongesond – dit los nie probleme op nie. Die kuns met negatiewe emosies is: [a] druk dit op 'n sosiale aanvaarbare en gesonde manier uit; [b] druk dit op 'n manier uit wat in lyn is met jou waardes.

Goeie waardes sluit die volgende in:

[1] ***Eerlikheid*** teenoor almal, veral jouself.
[2] ***Staan op*** vir swakkes.
[3] ***Goeie selfwaarde*** sonder om opgeblase te wees.
[4] ***Nuuskierig*** sonder om mens se neus in ander se sake te druk.
[5] ***Nederigheid.***

Goeie gesonde waardes begin dikwels intern. Daarteenoor is swak waardes dikwels afhanklik van eksterne faktore. Goeie waardes het baie te doen met prioriteite.

Groete
Peet Crous
(*Namens die predikantespan*)

Ben Roux, Selrose Park 41, Griffithsstraat 101, Equestria, 082 556 6138, word Dinsdag 10 September 90 jaar oud. Juan het by oom Ben en tannie Duifie gaan kuier en hom geluk gewens.

Die dames het die klavier by hulle leeskringoggend in die Kapel geniet. Ons is dankbaar vir die skenking.

WhatsApp gerus foto's aan 063 481 3864

Die predikante het Woensdag met sekretaresse dag die personeel bederf. Baie dankie aan Michelle Scholtz vir die lekker eetgoed.

Ya Bana Village wil graag baie dankie sê vir Lynnwood gemeente se donasies en ondersteuning. Julle omgee hou ons sterk vir hierdie belangrike werk met ons kwesbare- en weeskinders. Baie dankie!

Ya Bana Village for the children

Kontak ons!

012 348 1245
Kantoorure: Ma-Do 07:30 – 12:30, Vry 07:30-12:00
kerkkantoor@nglynnwood.co.za;
www.nglynnwood.co.za
Posbus 36430, Menlopark, 0102
Sussexlaan 439, Lynnwood (GPS: S 25° E 28° 15.93)
084 588 4948 Juan Ferreira (koster)
073 267 7019 Maretha Brits (kombuis)
bets@nglynnwood.co.za (lokaalhuur)
012 348 1245 (CD bestellings (diens en begrafnis)
kerkkantoor@nglynnwood.co.za (Muur van herinnering)
063 481 3864

Lidmaatskap: Het jou inligting verander of wil jy 'n lidmaat word? Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak: 012 348 1245 of e-pos** bets@nglynnwood.co.za.

Doopregistrasie: Aanlynvorm: **www.nglynnwood.co.za – meer info – vorms | Kontak:** 012 348 1245 of e-pos bets@nglynnwood.co.za.

Klein advertensies: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank. Stuur dit ook gerus vir plaas op die kennisgewingborde en in Gemeenskapsblad op die web https://st2.ning.com/topology/rest/1.0/file/get/3351499160?profile=original.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar. Dankie vir u ondersteuning.

GOOI IN KOLLEKTEBORD |
HANDIG IN BY DIE *INFO*-TOONBANK

Besoeker? Nuwe intrekkers? Ons wil jou graag leer ken!
Naam & Van: .....

.....

.....

@ .....

☎ .....

Enkel ☐ Jonggetroude ☐

Tiener ☐ Gesin ☐

Student ☐ Senior-lidmaat ☐

Jongvolwassenes ☐

Die kerkkantoor beskik oor 'n aantal kassette (argief) wat na **CD-formaat** omgeskakel moet word. Indien u weet van iemand wat hierdie diens aanbied, laat weet gerus die kerkkantoor by 012 348 1245

Elektroniese e-pos (Kontak): Mense wat nog nie die Kontak elektronies ontvang nie of weet van iemand wat dit graag wil ontvang, kan gerus hulle e-pos adresse aan die kerkkantoor stuur by kerkkantoor@nglynnwood.co.za of WhatsApp dit aan 063 481 3864.

Parkering tydens eredienste: Almal word vriendelik versoek om asseblief wettig en ook in die regte rigting voor die kerk te parkeer tydens die eredienste, om verkeerspolisie-optrede te voorkom.

Herwinningshouers: In die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. Maak asseblief artikels, kartonhouers en blikkies plat.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.